Waterkruik

JAARGANG 65 **NO 45** **8 November 2026**

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
Video YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
Oudio Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-WaterkloofranPretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

EREDIENSTE VANDAG EN VOLGENDE SONDAG

Vanoggend se erediens is 'n voorbereidingsdiens met die oog op die viering van die Heilige Nagmaal volgende Sondag. *Ds. Lourens du Plessis* sal die diens lei.

Ds. Jan-Louis Lee sal vanaand die erediens lei.

EREDIENS VOLGENDE SONDAG

Volgende Sondagoggend vier ons die Heilige Nagmaal. Die nabetragting sal tydens die aanderediens gehou word.

KOLLEKTES

Tydens die erediens: Diakonie
By die deure: Kerkkas

TEESKINKBEURT

Die susters van wyke 18 & 20 o.l.v. *Sandra Reynders en Anneke Vermaak* nooi julle hartlik uit om te kom skink, drink en kuier oor 'n koppie koffie.



DIENSBEURTE

Sondag 8 November
Oggend: Wyke 9 & 12
Oudle. Sean van der Merwe
Wico Swanepoel
Diakens Phillip Fourie
Kenneth Boy
Anton de Jager
Daniël Erasmus

Aand: Wyke 10 & 11
Oudle: Alwyn Rossouw
Tommie Venter
Diakens: Jacobus Pretorius
Juan Viviers

PROGRAM VIR DIE WEEK

Donderdag:
09:30 Bybelstudie in Konsistorie

KATKISASIE

Die katkisasie sluit vandag tot
17 Januarie 2027.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

" Here, Almagtige, dit gaan goed met die mens wat op U vertrou! "

Psalm 84:13

Maandag 9 November
Leon Haasbroek 082 459 6267

Saterdag 14 November
Jonél Viviers 074 387 8888

BEROEPENUUS

Beroepe bedank
Prof AJ (Albert) Coetsee van die TSP na GK Centurion as medeleraar

Ds SB (Barend) van der Westhuizen van GK Ermelo na GK Bloemburg





"12Gelukkig is die mens vir wie U teregwys, Here, vir wie U leer uit u wet, 13om aan hom verligting te gee In dae van onheil, totdat 'n graf gegrawe is vir goddeloses. 14Ja, die Here sal sy volk nie in die steek laat nie; sy erfdeel sal Hy nie laat vaar nie. 15Want die regspraak sal weer regverdig wees en almal met opregte harte sal dit steun. "

Psalm 94 2020 vertaling

JEUG VAN GISTER

Dit is alweer sulke tyd. Die jaar spoed ten einde! Dinsdag 10 November sluit ons af met 'n lekker kuier by "Alice in Waterkloof", Milnerstr 370, Waterkloof. Dié van julle wat nog nie daar was nie, dis 'n belewenis. Mens kuier heerlik in die tuin! Dan is daar ook 'n uitstalsaal waar waar die interessantste goed is om te bekyk of koop. Onthou, dis vir enigeen bo 60, of jonger as jy wil saamkuier.

Laat weet asb vir *Rina Steenkamp 084 734 4181* **vóór Sondagaand** as jy wil saamkuier.







WYKSUSTERS BENODIG

Daar word nog 2 wyke wat wyksusters benodig. As jy graag op hierdie wyse betrokke wil raak by die kerk, kontak Ronelle Berry.
083 630 9989

PROGRAM VIR DIE RES VAN DIE JAAR

10 November: Jeug van Gister (Afsluiting)

12 November: Ouderlingevergadering

15 November: Nagmaal Gemeente-ete

19 November: IKK Afsluiting

21 November: Jong Lote Afsluiting

29 November: Kersprogram


LIDMATEGETALLE VAN DIE GKSA

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) word met ’n ontstellende werklikheid gekonfronteer. Lidmaatgetalle daal, gemeentes verouder, al hoe meer gemeentes kan nie ’n eie predikant bekostig nie en kerklike instellings verkeer onder toenemende finansiële druk.

Die syfers vertel ’n ontstellende verhaal

Die Suidelike Streeksinode se verslag van November 2025 bevat ’n grafiek van die GKSA se lidmaatontwikkeling oor bykans ’n eeu. Dit toon ’n skerp daling ná die hoogtepunt in die tagtigerjare. Veral die afname in dooplidmate is kommerwekkend. Volgens die verslag het lidmaatgetalle gedurende die afgelope dekade met ongeveer 3% per jaar afgeneem. Die vooruitskattings tot 2040 illustreer die moontlike gevolge indien hierdie tendense voortduur. Dit is statistiese projeksies, nie onvermydelike voorspellings nie (Suidelike Streeksinode, Aanvullende Agenda datum 2025:102-103).

(’n Volledige artikel verskyn in die jongste Kerkblad. Skakel Nienke indien jy ‘n afskrif van die artikel wel hê.)



Die GKSA se lidmaatontwikkeling en statistiese vooruitskattings tot 2040. Bron: Suidelike Streeksinode, Aanvullende Agenda, November 2025:103. Statistiek voorsien deur die Administratiewe Buro.

.

GEBED OM WOORDE

Skrifgedeelte: Psalm 51

Daar is ’n bekende spreekwoord in Afrikaans wat sê: Swye is goud, spreke is silwer. Juis omdat ons sondige mense is, moet ons baie versigtig wees wat ons sê. Ons sondig veral met ons woorde. Daarom bid Dawid ook in Psalm 141:3: “Sit ’n wag voor my mond, Here, hou tog wag oor wat ek sê.”

Psalm 51 is ’n skuldbelydenis van Dawid wat as berouvolle sondaar genade in die oë van die Here gevind het. En nou bid hy vir woorde – vir die regte woorde: “Here, gee my die woorde om u lof te verkondig.” Want dit kan hy nie uit sy eie doen nie. Daarvoor is die genade van die Here net te groot en te heerlik. En hy as sondige mens is net te swak en te sondig om die Here na regte te loof en te prys. In homself kan hy nie die regte woorde vind nie. Daarom bid hy dat die Here die woorde sal voorsien, onder die kragvolle leiding van die Heilige Gees. Daarmee bely hy sy totale afhanklikheid van die Here. Ook in sy dankbaarheidslewe as hy die Here loof en prys.

Dit moet ook ons gebed wees as verloste sondaars in Jesus Christus. Want in onsself kan ons nooit die regte woorde vind om God te loof en te prys vir ons volkome verlossing in en deur Jesus Christus onse Here nie. Ons wat soos brandhout uit die vuur gered is (1 Kor. 3:15). Ons het net nie die regte woorde om God na regte te loof en te prys vir ons verlossing in Jesus Christus nie. Daarom neem ons ook hierin ons toevlug tot die Here, en bid ons ook voortdurend: Here, gee ook aan my die woorde om u lof te verkondig.




Want: “Wat kan ek die Heer vir al sy guns vergeld? Wat kan ek Hom bring uit dank vir sy genade? Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade en by die kelk van heil sy Naam vermeld”

Ds. MP Harris (Pieter) (emeritus)

GODGEGEWE OOP DEURE

Memoirs uit die Bediening van dr. Flip Buys *"Sorg met Eer-projek"*

Die 15 hoofstukke van die boek gee ’n oorsig van die paaie wat Flip Buys met mense saam met die Here gestap het met die leser gedeel word:
• ’n Roeping ontwikkel; Preekmaak; Die uitverkiesing; Die pad saam met alkoholiste; Lewendige kuikens onder ’n dooie hen se vlerke? (Evangelisasieervaringe); Die “hoereerders” word aktiewe lidmate; Huweliks- en gesinsberading wat ook die pastoriemheilsaam was; Die donker wêreld van okkultisme en satanisme; Sendingervaringe in Sharpeville en omgewing; My skuif na KwaNdebele; Met hart en mond en hande; Vergifnis na geweld; Vergifnis en versoening van verskillende kultuurgroepe; Soedan en die Sudanese Reformed Churches; ’n Groeiende visie op sending en evangelieverkondiging



Prof. Henk Stoker, emeritusprofessor en -rektor van die Teologiese Skool Potchefstroom, skryf oor sy belewing van hierdie boek:
Hierdie boek vertel van ’n lewe kosbaar geleef in God se diens. Nie net is dit geweldig bemoedigend nie! Dit gee ook baie pitkos – preekstof, pastorale insette van wêreldbekende Bybelse beraders en baie goeie begronding van ons werk met okkultiese belastes, om in die geloof te leef en werk – oor kultuurgrense, oor landsgrense en wêreldwyd. Dit moet asseblief en so gou moontlik wyd versprei word!

Die boek is teen R100 per eksemplaar. Dit kan ‘n kosbare kersgeskenk wees en daar is genoeg tyd om een te bestel. Plaas jou bestelling hierdie week by Nienke van der Walt om teleurstelling te voorkom. Jy kan op so ‘n manier die Sorg met Eer program help.

Die projekleier van Sorg met Eer is ds. Cassie Aucamp



PAPIER VIR CROSSROADS GEVANGENIS BEDIENING

Die Crossroads Gevangenis bediening druk elke Desember 1500 boekies wat aan die gevangenis uitgedeel word om die tyd ook aan hulle die boodskap en wonder van Jesus se geboorte oor te dra. Hulle benodig egter A4 papier daarvoor. Help asb deur afdrukpapier te skenk of selfs blou penne om mee te skryf. Die skenkings kan in die konsistorie op die tafel gelaat word.

Psalm 118 is die middelste hoofstuk van die Bybel met Psalm 117 die kortste hoofstuk en Psalm 119 die langste hoofstuk van die Bybel.



Daar is 594 hoofstukke voor en na Psalm 118. Tel al die hoofstukke in die Bybel bymekaar , uitgesluit Psalm 118 en die antwoord is 1188. Psalm 118:8 is die middelste vers in die Bybel en lees soos volg:

"Dit is beter om by die Here te skuil as om op mense te vertrou."

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT
Ds. Jan-Louis Lee
071 640 6013

SKRIBA
Henning Noëth
078 770 7519

PASTORALE HULPWERKER SENIORS
Ds. Lourens du Plessis 083 259 9551

VOORS DIAK
Phillip Fourie
072 295 5606

OUDL. SKRIBA
Péter Wassenaar
082 920 4474

ORRELIS
Hanlie Bekker
066 235 1202

SONDAGKOSTER
Riaan Reinecke
079 903 3930

WEEKKOSTER
Nienke van der Walt 083 398 9080

KANTOOR
Nienke van der Walt 083 398 9080

KANTOORURE by die kantoor
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

EREDIENSTYE
Oggend: 09:00
Aand: 17:30

BANKBESONDERHEDE
Kerk
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

Diakens
ABSA: Diakonie Spaar Rek.
No. 9139785681

PARKERING

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

e-pos kerk: admin@gkwaterk.co.za
webwerf: www.gkwaterkloofrand.org.za

DIAKENS

Snap here to pay
SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

KERKKAS

Snap here to pay
SnapScan